

19 Januarie

Skrifgedeelte: Jeremia 32

Fokusgedeelte: Jeremia 32:14

Gaan voort met jou gewone lewe

Die gelowiges in Jeremia 32 belewe 'n baie onsekere tyd in hulle lewe. Koning Nebukadnesar en sy weermag is besig om lande rondom hom te annekseer. Een van die lande en volke wat hy wil hê, is Israel en sy mense. Hy is klaar op pad na Jerusalem; om die waarheid te sê, sy magte lê net buite die stad en hy gaan die stad binnekort inneem. Hy het reeds walle teen die mure gegooi om die soldate te help om oor te klim (vs 24). Dit is duidelik dat alles vir die volk so te sê verby is en dat hulle geen toekoms het nie. Al wat 'n gelowige nou kan doen, is om te sit en wag dat die ergste moet gebeur!

Nee, ons vind dat God vir Jeremia 'n vreemde opdrag gee (vs 8-9): *Koop vir jou 'n stuk grond!* Hierdie opdrag maak geen sin nie. Binnekort gaan die vyand immers alles kom verower. Dit is nie nou tyd vir aangaan met die gewone lewe nie! Nou moet alles tot stilstand kom! Tog koop Jeremia die stuk grond (vs 9).

Wat God hier van ons vra, is dat ons nie op die donker onsekerhede van die toekoms moet konsentreer nie. Al lyk die toekoms hoe donker en onseker, soos vir Jeremia, gaan voort met jou gewone lewenstaak! Koop en verkoop. Gaan met sekerheid voort met die lewe, al is die toekoms onseker. Moenie nou lewe asof môre al verby is nie. Hierdie waarheid geld vir ons lewe as gelowiges in 'n onsekere Suid-Afrika. Dieselfde geld ook vir ons persoonlike lewe: Koop en verkoop! Gaan aan met jou lewe, al het jy kanker of al gaan dit dalk nie goed met jou gesondheid nie. God vra jou om aan te gaan met jou gewone lewe!

Sing: Psalm 137:1, 3, 4 Dr AL Rheeder (Pietersburg)